

## **DIE MIELIETRUST NUUSVRYSTELLING**

### **MIN TYD OOR OM BEFONDSINGSVOORSTELLE BY MIELIETRUST IN TE DIEN**

Die sluitingsdatum vir voorstelle aan die Mielietrust, 'n organisasie wat finansiële ondersteuning verleen aan instansies wat navorsing doen oor mielieproduksie en –bemarking, is om die draai. Volgens mnr Karabo Peele, voorsitter van die Mielietrust, moet alle aansoeke vir 2008 die Trust bereik voor of op **15 Maart 2008**.

Die primêre doel van die Mielietrust, wat in Augustus 1998 gestig is, is om die mieliebedryf te bevorder. Die Trust poog om die voortdurende verbetering van die mieliebedryf te fasiliteer, om sodoende te sorg dat dit internasionaal mededingend en 'n streekleier is. Verdere doelwitte sluit in die verkryging, assimilering en verspreiding van markinligting vir die plaaslike mieliebedryf en die daarstel van marktoegang vir Suid-Afrikaanse mielies.

Volgens mnr Peele kan enige instelling of organisasie wat 'n projek, wat aan die doelwitte en vereistes van die trust voldoen, wil implementeer, vir befondsing aansoek doen. Die Trust sal alle aansoeke op meriete beoordeel. Elke aansoek moet volledige inligting oor die volgende bevat:

- 'n Gedetailleerde verduideliking van die projek, wat die hoofdoel insluit.
- Hoe die projek sal bydra tot die bereiking van die Mielietrust se doelwitte.
- Watter sektore van die mieliebedryf by die projek sal baat.
- Wat die omvang van die potensiele voordele sal wees.
- 'n Goed gedefinieerde proses, insluitend 'n geskatte tydsraamwerk of die duur van die projek. (Elke projek moet 'n kwantifiseerbare en meetbare uitkoms hê.)
- Enige ander bydraers tot die projek en die omvang van die bydraes.
- Die totale begroting vir die projek.
- Kapitale uitgawes en oorsese reise wat die projek mag benodig (omvattende motiverings vir sodanige uitgawes moet verskaf word).

Naas die aansoeker se normale besonderhede, benodig die Trust ook die volgende:

- 'n Kort beskrywing van die aansoeker se hoedanigheid in en betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse mieliebedryf.
- 'n Verklaring oor die aansoeker se eie interne SEB- (BEE) beleidsraamwerk, gedeelde eienaarskap met voorheen benadeeldes en vaardigheidsontwikkeling.

Twintig gedrukte kopieë van elke aansoek, insluitend 'n inleidende opsomming in 'n voorgeskrewe formaat, moet die administrateurs van die Trust nie later as 15 Maart 2008 bereik nie.

Indien 'n aansoek deur die Trust vir befondsing goedgekeur word, sal van die aansoeker verwag word om tussentydse en finale vorderingsverslae in te dien. Die Trust mag ook addisionele verslae tydens enige fase van die befondsingsperiode aanvra.

Die Trust word bestuur deur 'n raad van trustees wat uit ses lede bestaan en vir 'n twee-jaar-termyn aangestel word. Drie trustees word aangestel deur spesifieke mieliebedryfssektore, terwyl die orige drie deur die Minister van Landbou en Grondsake aangestel word.

Volgens mnr Peele het die Mielietrust nie 'n mandaat om produksiekrediet, befondsing vir individue of algemene finansiële bystand te verleen nie.

Belangstellende partye word genooi om die administrateurs van die Trust te kontak by tel: (012) 333-3429; faks (012) 333-3634 of e-pos [l-lagric@mweb.co.za](mailto:l-lagric@mweb.co.za).

**UITGEREIK NAMENS DIE MIELIETRUST OP 26 NOVEMBER 2007.**  
**MEDIANAVRAE: ANNA-MARIE ROUX, (012) 997-1334;**  
**[amroux@mweb.co.za](mailto:amroux@mweb.co.za).**